


'n Goddelike beskouing van lewe (Deel 2)

Gebaseer op hoofstuk 13 van die boek *Wat leer die Bybel werklik?* wat op jw.org/af beskikbaar is.

DOEL: Onderzoek wat jy glo en hoekom jy dit glo asook wat die Bybel leer, en kyk hoe jy aan ander kan verduidelik wat jy glo.



WAAROM HET GOD 'N BEPERKING OP DIE GEBRUIK VAN BLOED GESTEL?

1 ONDERSOEK WAT JY GLO

Wat sê party mense dalk?

Wat glo jy?

Hoekom glo jy dit?

Bloed is vir God heilig.


(Sien hoofstuk 13 van die *Leer Bybel*-boek, paragraaf 10-16.)

Lees Genesis 9:3, 4; Levitikus 17:13, 14.

Waarom verbied God ons om bloed in te neem?

Lees Handeling 15:28, 29.

Mag Christene bloed drink, vleis eet wat nie gebloe is nie of 'n bloedoortapping aanvaar?



As jou dokter vir jou sê om glad nie alkohol te drink nie, sou jy dit in jou are inspuit?

Die Mosaïese Wet het die enigste gepaste gebruik van bloed beklemtoon.

(Sien hoofstuk 13 van die *Leer Bybel*-boek, paragraaf 17-19.)

Lees Levitikus 17:11.

Hoe het die gebruik van bloed in offerandes God se volk in die ou tyd bevoordeel?

Lees Johannes 3:16; Hebreërs 9:11, 12.

Wat het Jesus bereik deur sy eie lewensbloed op te offer?

Hoe laat dit jou voel om te weet dat Jesus sy lewe vir jou opgeoffer het?

3

VERDUIDELIK WAT JY GLO

AS IEMAND SÊ...

Die Bybel se beskouing van bloed is outyds.

JY KAN ANTWOORD...

Dit is so dat wat die Bybel oor bloed sê, lank terug geskryf is. Maar ek glo dat dit nog steeds op Christene van toepassing is, want...

Watter teks kan jy vir die persoon lees?

As jy in gedagte hou wat die persoon glo, hoe sal jy oor hierdie teks redeneer?

AS IEMAND SÊ...

Maar sê nou 'n dokter sê dat jy sal doodgaan as jy nie 'n bloedoortapping kry nie?

JY KAN ANTWOORD...

As die situasie so ernstig is, kan enigiemand waarborg dat ek *nie* sal doodgaan as ek 'n bloedoortapping aanvaar nie? Maar daar is iemand wat wel kan waarborg dat hy ons weer sal laat lewe...

Watter teks kan jy vir die persoon lees?

As jy in gedagte hou wat die persoon glo, hoe sal jy oor hierdie teks redeneer?
